

Reminiscere (die Here het onthou - “rememberd”)

21 Februarie 2016 - Rom.5:1-5 [6-11]

God het ons dan nou vry gespreek omdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus. Deur Hom het ons in die geloof ook die vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan. En ons verheug (roem) ons ook in die hoop op die heerlijkheid wat God vir ons bestem het. Dit is egeter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; en die hoop beskaam nie, want God het liefde in ons harte uitgesort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het. [Toe ons nog magteloos (swakelinge) was het Christus immers reeds op die bestemde tyd vir godeloses gesterwe. ’n Mens gee tog nie sommer jou lewe prys nie, selfs nie vir ’n regverdige nie. Ja tog (wel toegegee), vir ’n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om sy lewe te los. Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.

Aangesien ons nou vrygespreek is op grond van sy versoeningsdood, staan dit soveel vaster dat ons deur Hom ook van die straf (woede, toorn, wraak) van God gered sal word. Aangesien ons, toe ons nog vyande (van God) was, deur die dóód van sy Seun met God versoen is, staan dit soveel vaster dat ons (hoeveel te meer is dit ’n versekering), noudat ons versoen is, deur die léwe van sy Seun gered sal word. Maar dit is nie al nie. Ons verheug ons ook in God deur ons Here Jesus Christus, deur wie ons nou die versoening ontvang het.

Here heilig ons in u waarheid; U woord is die waarheid. Amen.

Liewe gemeente,

Taal is die kuns om gedagtes uit tedruk. Maar elke taal het ook ’n unike karakter. Ons weet mos nou dat veral in hier SA in sekere opsigte daar baie vyn opgelet moet word, hoe ons taal gebruik. Mense word heen en weer uit politieke parye geskors omdat hulle dinge gesê het wat ander weer verkeer opgeneem het. Julle weet van die persoon wat deur MTN somier as beoordeelaar van ’n vermaaklikheidsprogram afgedank is omdat hy gesê het, mense verstaan *vryheid van spraak* verkeerd. In die parlement is blykbaar nou ook die woord “faksie” aanstootlik (offensive), en is die parlamentslid wat dit gebruik het, gevra om die woord terug te trek.

Taal is baie kragtig, dit skets en skep die werklikheid waarin ons leef; ons wil dit positief gebruik!

Veral ouers en onderwysers moet vyn oplet wat hulle aan die kinders oordra - hoe maklik gebeur dit dat jy ’n kind met een sin sy hele leefwêreld kan laat oplewe, of te wel kan afkraak. As jy vir ’n kind sê: jy’s sommer dom - en die kind glo dit, het jy die kind sumier afgetakel. Positief kan jy ’n kind (ook volwassenes) laat glimlag as jy hom aanhoudend aanmoedig, versterk en bevestig: ek’s lief vir jou, ek glo in jou, ek weet jy kan!

Sien, hierdie woord geskied in ’n verhouding tussen ouer-en-kind. Die kind is van nature oopgesluit, daar’s ’n genaderuimte vir ouers gegee - juis om die kind op te lig en op te bou. Hoeveel sielkundige probleme sou nie vermy kon word wanneer ouders meer daarvan bewus is en omsigtig, kragtig en lewensskeppend hulle woorde in kommunikasie te gebruik. En vanselfsprekend moet die woorde gepaard gaan met die daede, met omhelsing, met bystand ens.

Wanneer ons na ons teksgedeelte kyk, is daar drie woorde wat uitstaan, wat vir ons die atmosfeer moet skep waarbinne ons beweeg.

Die eerste Griekse woord is “dikaiosune” beteken “**regverdigheid**”. Die tweede woord is “**vrede**” en die derde woord is “kaugema”, dit beteken “**roem**”. Regverdigheid, vrede, roem.

God het ons dan nou vrygespreek omdat ons glo - sê die NV. Beter sou die ou vertaling wees: *nou dat God ons gereverdig gespreek het, het ons vrede met God. Regverdig = “dikaiosune”* .

Ons is soos in ’n hofgeding - vrygespreek - en daarom is daar nou vrede, harmonie, rustigheid, gemoetsrus! Meer nog, Paulus beskryf die verhouding tussen God en mens eintlik soos ’n oorlog - daar was vyandskap. Nie dat ons



skoor gesoek het nie, maar dit gebeur van nature dat mens hul' eie dinge wil doen. Elke mens word gebore met die eienskap van: ek wil ! Ek wil hê, ek wil myself groot maak, ek wil die grootste wees, ek wil soos God wees, ek wil my eie god wees. Paulus beskryf drie hoofstukke lank wat dit alles behels. En uiteindelik kom hy by die gevolgtrekking: Wanneer God ons beoordeel, is daar nie een enkele mens wat goed is nie; ons het almal afgewyk, ons staan almal in *vyandskap* voor God. En die wet van God kla ons aan. En daar is niemand op aarde wat aan hierdie oordeel kan ontsnap nie; ons sal almal voor die hemelse regter verskyn. En ons weet nou al wat die oordeel sal wees: skuldig!

Maar nee, val Paulus homself in die rede, nee, daar is iemand wat vir ons as advokaat opstaan. Daar is iemand wat vir ons pleit en nou die verdedegende argument lewer: „Hemelse Regter, edeleagbare Vader, ja die oortreding het plaasgevind en die straf vir die oortreding lê duidelik op hande. Desnieteenstaand is die straf reeds uitgedien, iemand het reeds die oordeel op Homself geneem.” En dit is niemand anders as die Seun van God self, Jesus Christus. Dit is Hy wat aan die kruis alle toorn van God op Homself geneem het. Dit is Hy wat die bitterste dood gesterf het. „Die aangeklaagde het alle hoop in die Gekruisigde geplaas. Ek versoek U, hemelse Regter, om die aangeklaagde vry te spreek.“

En dan skryf Paulus hierdie oorverdowende woorde: **almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God, en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.** (Rom 3:23v) En die hemelse Regter sê vir my en jou as aangeklaagdes: Jy is vry! Jy is reg! Jy is regverdig! = dikaiosune. Jy kan weer terugkeer in my heilige teenwoordigheid! Jy ontvang weer my ewige liefde! Jy sal met alle glorie en luister bekroon word! Jy is my beminde kind!

Daarom is daar nou vrede tussen God en die mens - vir diegene wat die versoenende kruisdood van Jesus Christus erkenning gee en dit wil hê. Wie hierdie advokaat, Jesus Christus, *nie* wil hê nie, moet maar self nog spook om van God se be- en veroordeling vry te spring.

II

Maar vir ons wat geregverdig is, geld daar nou **vrede!** Halleluja! Ek wil nog 'n verdere beeldspraak gebruik om te verduidelik. **Ons lewe as gelowiges nou in 'n sfeer van Vrede.** As ek hier van my woonplek in die oggende uitstap en stad toe kyk, kom ek agter dat die hele atmosfeer besoedel is. Ek asem, of ek wil of nie, alle gasse van die motors en fabrieke in. Ek rook, of ek wil of nie, so sê hulle, 5-10 sigarette 'n dag. So word ons liggaam elke dag deur die besoedeling afgebreek....

Daar bestaan ook 'n geestelike besoedelde atmosfeer, waarin die sonde ons elke dag afbreek en vernietig. So leef ek as sondaar in die atmosfeer van toorn en oordeel van God. Jy kan niks daaraan doen nie want jy beweeg maar in hierdie doodlike gifgasse.



Maar nou het die verkwikkende genade alle besoedelde lug weggewaai, en die reën het die lug weer skoon gewas. Nou mag ek diep asem haal en my longe word gevul met gesonde lewendmaakende lug. Ek lewe *in die geloof* in hierdie atmosfeer van vrede. Ek lewe in die genade van die Here. Dit is my status, my standplek, my posissie voor die Here. God het vir my in die regte verhouding met Hom geplaas.

En dié regte verhouding het nou ook 'n positiewe, opbouende effek op my hele lewe. Die lewe is nou gekenmerk deur harmonie en innige rustigheid, balans en vryheid (=

vrede). My hele wese is geborge in geloofssekerheid. My gedagtes is nou nie meer daarop uit, om weg van die Here te kom nie, om te sondig nie, om verskoonings uit te dink waarom ek nie erediens te kom nie. Ek dink nie meer eers aan skelm streke en om ander uit te buit nie. My gedagtes word in Christus hergeorden, vernuwe en skoon gemaak. Die gevoelens konsentreer nie meer op genot en vermaak nie, maar daarop om al hoe meer van die Here te weet, om die honger na liefde te stil, en om die geheim in Christus te ontdek. Hy het vir my sy vrede toegesprek. Ons staan nou in die genade, in die ruimte van genade.



Maar dan praat Paulus in dieselfde asem van 'n **hoopvolle toekoms**, waarheen hierdie genade ons toe dryf. Ja, dit is die kenmerk van elke Christen: die genade, die hemel wat ek tegemoed gaan ens., is nou reeds my eie, want Hy het dit vir my toegespeek. Sy goeie wil vind in my gestalte deur dat ek myself roem op die heerlike heerlijkheid waarheen ons beweeg.

III

Ervare Christene weet egter al te goed dat dit nie alles is nie. Nog is gelowiges nie in die hemel nie. Nog is daar siektes, dood, werkloosheid, teneergedruktheid en afbrekende gebeure. Deur al hierdie negatiewe evaaringe, deur die ongeloof van ateïste en die vreemde geloof van ander godsdienste word hierdie beloftes van die Here bevraagteken. Sou God inderdaad gesê het ...? Sou dit werklik waar wees dat God net goeds vir my bedoel? En Paulus het dit aan sy eie lyf ervaar wat pyn en lyding beteken. As daar iemand is wat swaarkry tye moes deurmaak, dan was dit Paulus.

Met ander woorde: Is dit nie die diabolos, die duiwel wat aanhoudend die “dikaiosune” (= die geregtigheid van God) bevraagteken?! Hy wil ons onseker maak dat ons begin vra: “...uit genade alleen? Deur die geloof alleen gered? ... Maar wat dan van al my insette en barmhartigheidsdade? Ek het mos met my talente gewoeker, ek het mos iets in die lewe bereik! God moet darem so nou en dan erkenning vir my opregte bedoelings gee, nie waar nie?! God behoort darem teenoor my prestasies goedgesind te wees - en dalk kry ek nog in die hemelsaal 'n plek onder die voorste rye.”

Dit is menslik om só te dink; dit is hoe ons hier op aarde teenoormekaar optree en mekaar meet, nie waar nie? Ons roem en eer mekaar en verwag erkenning vir prestasies, nie waar nie? En dit is hierdie beginsels wat ons dan ook op die hemel en die ewige saaligheid van toepassing maak - en dit is presies wat Paulus indringend wil korregeer: Nee, ons het van ons kant af niks om voor te wys nie, daar is niks waarop ons kan roem nie. Daar is geen “kaugema” / roem of eer nie. Aan Hóm, die hemelse God, kom alle eer en lof en aanbidding toe!

En tog - nou moet Paulus homself tog korregeer. Ons roem onself tog want ons het iets wat uniek is, wat geen mens of godsdiens op aarde het nie, wat jy slegs en allen in Christus vind. Ons roem onself op die heerlijkheid, op die toekoms, op die hiernamaals, op die groot loon wat vir ons in die vooruitsig gestel word.

Maar nou kom weer nog 'n ander aanval, nie noodwendig van die duiwel nie, maar vanuit onself. **Die omstandighede van nood blyk dus die toekomstige heerlijkheid te bevraagteken.** Leef ons in 'n droomwêreld, wanneer ons die hemel skets en die hel ervaar?

En wie het in ons midde nie al nood ervaar nie!? Is dit nie tye wat 'n mens liewers wil wegdink en vergeet nie? Is lyding dan nie iets afstootliks wat erder vermy behoort te word nie? Sou dit dan nie wenslik wees om die hospitale, al die sielkundiges en ander geneeshere weg te wens nie. Ons wil mos nie swaarkry nie, of hoe? Is die nood wat ons ervaar nie deel van God se straf en toorn nie? Is elende nie deel van die bese ewel nie? Is daar eintlik nog hoop?

Paulus antwoord: Dit is juis hierdie swaarkry wat die hoop des te grooter maak. Ons Christene wil onself “kaumema” (= roem), juis op grond van hierdie lyding!

Diegene onder ons wat al deur beproewinge gegaan het, sal weet dat lyding nie afbrekend, maar juis opbouend kan wees. Word jy dan nie gevorm en gevestig, juis wanneer die fundamente in die lewe deur aardbewings en storms getoets word nie? Ja, en hoe anders kom mense dikwels uit hospitale en inrigtings, sterker en geestlik meer gevestig, anders as wat hulle voorheen was. Ek was bevoorreg om al mense te ontmoet wat na hospitaalbesoek vir my gesê het: Dit was vrekmoeilik, maar hulle sou hierdie ervaring vir niks in die wêreld wou geruil het nie.

Dit is wat Paulus bedoel wanneer hy skryf, dat diegene wat nou vrede met God het, lyding nie vermy of uitwyk nie, maar doelbewus positief aanvaar, want *swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van die geloof, en egtheid van die geloof kweek hoop ...*

Waarom deins hy nie terug voor harde tye nie? Omdat die “dikaiosune” van God homself as waar en eg bewys het. **Wat is die bewys?** Paulus verwys na Christus se lyden en sterwe wat terwille van ons geskiet het, in 'n tyd toe ons nog niks van God af geweet het nie. Tóé reeds het God alles voorberei om sondaars reg te maak. Sien julle God se genadige liefde?!

En in 'n ander brief vat Paulus dit nog verder deur te verduidelik: Juis deur ons swakhede, juis wanneer ons niks het om onself te roem nie, juis dan kom Gód se genade tot uitting. As onself wil roem (verheug / trots wees), dan roem ons onself dat ons swak is!

Vreemd nie waar nie? Maar net omdat ons so selde daaroor praat. Dit is terselfdertyd vertroosend. Christene weet nou, dat hulle voorkeur by God geniet, want Christus is by hulle. Nee, ons hoef nie toneel te speel nie; Christene hoef nie meer voor God te presteer nie; hulle hoef nie meer vir God weg te kruip nie; hulle is nou geborge in die atmosfeer van genade; hulle het vrye toegang tot die genade; hulle kan waarlik weer menswees (soos God se bedoeling sedert die begin van die skepping was: ewebeeld van God; 'n weerspieëling van God se heerlijkheid). Hierdie heerlijkheid sal ons eers nadat ons gesterf het, ten volle aanskou, maar dit is nou reeds vir ons toegesprek; nou reeds het ons aandeel daaraan.



En hierdie hoop sal ons nie laat beskaam nie, dit sal nie leeg uitloop nie, want God het sy oneindige liefde in ons harte uitgesort deur die Heilige Gees. Die hoop mondig uit op presies wat dit as inhoud gehoop het: hemelse heerlijkheid.

Liewe gemeente, laat dít ons as gemeente ons roem wees, die kenmerk van ons klein gemeente, dat ons bewus is van ons swakhede maar juis dat deur ons swakhede God se wonderlike genade wil werk. Ons mag waarlik trots wees; ons mag “kaugema” hê wat op die “diakosune” van die Here gegrondves is. Ons mag regop deur die wêreld gaan want agter ons staan die helemse, almagtige God met al sy hemelse seën. Ons het die Evangelie wat die lewe gee vir elkeen wat daarin glo. Amen.

Mag die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, julle harte en inne bewaar in Christus Jesus, onse Here. Amen.